Sondag, 3 Mei 2020
Derde Sondag na Paasfees

Christus laat ons sien: Hy leef – en dít gee aan ons hoop.

"Terwyl hulle so gesels... het Jesus self nadergekom en met hulle saamgeloop, maar hulle oë is verhinder om Hom te herken...
Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn."
(Lukas 24:15-16 en 31).

Op 'n paar plekke in die Nuwe Testament vind ons 'n kort opsomming van verskynings van Jesus ná sy opstanding; 'n lysie, as't ware: Markus 16:12-14, Handelinge 1:3-6, 1 Korintiërs 15:3-8. Dit, benewens die kort vertellinge aan die einde van die evangelies; daardie eerste ontdekking van die oop, leë graf en die verskyning van die lewende Christus aan die vroue en dissipelkring die eerste en tweede Sondag. Hierdie "opsommings" van diegene aan wie Hy verskyn het, is dertig, veertig, vyftig jaar ná die gebeure gedoen, op verskillende plekke – Paulus in die stad Efese, Markus waarskynlik in Rome en Lukas aan sy vriend Teofilus – sodat die volgende generasie gelowiges kon hoor: Jesus hét werklik opgestaan, Christus lééf, al sien ons Hom nie! Hulle tyd en omstandighede was moeilik, hulle is na die rand van die samelewing geskuif, daar was aardbewings en die stad Jerusalem is deur die Romeine verwoes, 'n bloedbad, die vulkaan Vesuvius het uitgebars en Keiser Nero het die Christene begin vervolg...

Wat beteken dit dan om te bly glo: Christus leef?

Dit is vandag die sewende Sondag dat ons as gemeente nie in ons kerkgebou byeen kan kom nie, die deure toegetrek, geen tee saam, geen katkisasie. Veel erger: ons is deur 'n pandemie en die vrees wat dit ontketen, afgesluit, sommige voel vasgekeer, ander is besorgd oor die siekes of aan't sorg vir lydendes; ons land in die greep van 'n sosio-ekonomiese krisis van enorme omvang – wat beteken dit dat Christus leef?

Vanoggend, en die volgende paar Sondae tot met hemelvaart, blaai ons terug na die verhale oor die verskynings van Jesus, die Opgestane. Vanoggend, Lukas 24, sommer nog daardie eerste middag van die derde dag, toe twee volgelinge van Jesus – Kleopas (24:18) en heelwaarskynlik sy vrou, Maria (Joh. 19:25) – op pad terug was na hul huisie in Emmaus. 'n Bekende en geliefde verhaal, beginnende met die mededeling dat hulle hartseer was en hul oë "verhinder" sodat hul die Vreemdeling saam op pad nie "herken" het nie (24:16), en eindigende deur te sê dat hul oë "oopgegaan" en hul die Vreemdeling aan tafel "herken" het (24:31), en baie bly was. 'n Vertelling oor 'n verskyning van Christus wat ons laat ontdek Hy is nie afwesig soos wat dit soms (en dalk nou) wil lyk nie, maar Hy is áánwesig, hier – hier waar die Skrifte oopgaan en ons harte warm word, hier waar die brood gebreek word en ons honger gestil, hier waar ons by mekaar hoort en ons vrede ontvang. Hy is by ons teenwoordig – hou moed!

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Die diens is vooraf opgeneem in die kerkgebou en word via ons webblad, op *Facebook* en op *YouTube* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur. Tee en koffie is daar (nog) nie vanoggend in die binnehof nie, maar in jou kombuis en sitkamer wel – ons wens jou 'n geseënde Sondag verder toe.

LITURGIE

Orrelvoorspel: "Bring my na u woning, Here" (Lied 158)

Aansteek van die wyingskers: Sonja Meyer (wat vandag verjaar!)

Votum: "Wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan?" (Miga 6:6-9)

Verootmoediging: "Heer, wees ons genadig" (Lied 247)

Heer, wees ons genadig, Christus, wees genadig, Heer, wees ons genadig.
Kyrie eleison, Christe eleison, Kyrie, eleison.

Stilte vir gebed

Seëngroet

Loflied: "Sing juigend, sing 'n nuwe loflied" (Psalm 33:1 en 7)

Sing juigend, sing 'n nuwe loflied;
besing opnuut die Heer se Naam.
Bring nou 'n lofgesang met eerbied
soos dit gehoorsames betaam.
Net deur sy gedagte
is die Heer by magte
om te laat geskied.
Wat Hy doen, duur ewig.
Vas staan dit en stewig
soos Hy dit gebied.

Die Here gee ons sy beskerming,
Hy sal sy oog op ons bly hou.
Ons stel ons hoop op sy ontferming;
ons sal op Hom, ons hulp, vertrou.
God se Naam is heilig,
by Hom is ons veilig;
Hy sal altyd red.
In ons vreugde lag ons,
op sy goedheid wag ons,
hoopvol in gebed.

Skriflesing: Lukas 24:13-14 en 28-31

Kinderverhaal

Gebedslied: "Spreek Heer" (Lied 254)

Spreek, Heer, spreek Heer, want u kinders luister.
Net u Woord, Heer, bring weer lig in duister.

Oordenking

Gesamentlike gebed:

"Ons Vader wat in die hemel is,
en ook hier by ons;
laat u Naam geheilig word in ons hoof, ons hart, ons hande;
laat u koninkryk van vrede kom in ons land, in ons wêreld, nou so onrustig;
laat u wil geskied, op hierdie aarde soos in U volmaakte woning.

Skenk ons vandag, vandeesweek, vanjaar asseblief ons brood, Here,
water om te kan drink;
krag daaruit dat ons kan leef, gesond kan wees;
skenk ons die middele en die kans, Here, om weer aan te kan gaan.

En vergewe ons ons verkeerdhede, ons vergrype, ons versuime –
U wat ons harte en ons lewens ken, ons verhale en die pad waarlangs ons loop.

Lei ons op die regte pad;
laat ons kies vir wysheid, nie dwaasheid;
laat ons kies vir vrede, nie geweld;
laat ons kies vir respek, nie minagting of mishandeling;
laat ons kies vir lig en liefde, nie vir die donkerte nie –
ja, Here, verlos ons van die Bose,
verlos ons van dit wat dreig en duister is.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid
tot in ewigheid,
en aan U behoort ook ons, elkeen van ons, nou reeds,
want uit U ís ons, en deur U leef ons, en tot U sal ons terugkeer.
Hoor ons, Here Jesus, en wees by ons;
hoor ons, o Gees, en staan ons by.
Amen."

Slotlied: "Jesus het die dood deurbreek" (Lied 416:1 en 3)

"Jesus het die dood deurbreek,
waardeur alles ingeperk was;
en die grens so oorgesteek
waardeur eindigheid bewerk was.
Uit sy dood kom lewe voort –
só ontstaan 'n deurgangspoort.

Jesus het die dood oorwin!
Hy is daarom Lewenskoning,
en sy ryk het reeds begin -
maar daar wag nog 'n bekroning.
Waar die aarde sterk na smag,
sal dan aanbreek deur sy mag.

Seënbede

Orrelnaspel: "Liebster Jesu, wir sind hier" (JS Bach)
– Here Jesus, ons is hier –

MEELEWING EN VOORBIDDING

Sewe weke wat ons as gemeente mekaar nie gesien het hier by Berg-en-Dal nie; ons verlang na mekaar, ons verneem na mekaar se welstand. Laat ons met mekaar in verbinding bly: indien daar enige nood of nuus is, kontak ons leraars of jou ouderling, diaken of wyksleidster... Vanoggend wil ons geluk sê en seënwense aan almal wat vandag en in hierdie week verjaar: Sonja Meyer en Dewald Junius (3/5); Madelein Hellerle, Hanlie Coetzer, JJ Calitz en Simoné Coetzee (4/5); Chris Beukes en Johan Bloem (5/5); Donette Watkins, David Crause, Suzette v/d Schyff en Johan Jordaan (7/5); Jaco de Jager, Cindy Cronjé, FC Schlebusch, Amelie Jansen en Leanné Saayman (8/5); en Ferdi Hellerle, Richard Schulenburg, Jannie Claassens, Chantelle Hutton, Jan-Pieter Jacobs, Lia du Plessis en Daniella Jordaan (9/5).
Ons dink in gebed ook aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Mariann Janse van Rensburg (Oliewenlaan 21, Noorderbloem, wyk 17); Donette Watkins (Serenitas 141A, wyk 15b); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17); Conna Lups (Deanelaan 25, wyk 20b) en Beatrice Carshagen (Cussoniahof 8, wyk 20b).
Laastens, ons innige meegevoel aan Daan en Tharina Strauss (Kapt. Goodmanstr. 3, wyk 1b), by die heengaan van sy neef in Natal, ‘n besondere figuur in hul familie.

Ons gebede gaan in hierdie week saam met almal wat na hul werke mag terugkeer – ons is dankbaar, maar ook besorgd; ons bid vir jul beskerming; ons bid vir al ons kinders en jongmense; ons bid in besonder ook vir wyse en goeie leierskap in die nasionale en plaaslike regeringskringe.

Geliefdes van Christus in Berg-en-Dal,

In dié weke tussen Pase en Hemelvaart, is ons boodskappers van hoop, lig en lewe. Laat ons dit moedig bly dra; laat ons verantwoordelikheid neem vir ons eie gesondheid en veiligheid, maar ook dié van ons medemens en die swakkes in ons gemeenskap – ouer lidmate, siekes, behoeftiges. Kom ons respekteer die reëls, dra jou masker, hou ‘n veilige afstand, help waar jyh kan, was jou hande. En, al is daar ook groot verwarring oor wat mag en wat mag nie én oor wanneer skole heropen – kom ons stel ‘n voorbeeld van kalmte, van dissipline, van ‘n doen wat reg is.

As kerkraad gee ons die volgende inligting deur:

1) Eredienste vir die volgende weke word vooraf opgeneem en per epos of via ons webblad, *Facebook*, *YouTube* en op u selfoon (via whatsapp) aangestuur. Ds. Jan Lubbe lei die dienste tot met Hemelvaart; ds. Johan Marais is tans met verlof tot 20 Mei. Daar is eerskomende Donderdag, 7 Mei, ‘n biduurgeleentheid by Siësta.

2) Volgende Maandag, 11 Mei, vergader die Bestuursraad om oor alle aspekte van ons bediening en beplanning vorentoe te besin. Ons sal daarná reëlings oor kategese en ander aksies kan deurgee; ook oor die heropening van die kerkkantoor.

3) Wat barmhartigheid betref: dankie aan almal wat weekliks help **broodjies** smeer vir behoeftiges en aflewer (as jy as vrywilliger wil aansluit, sms na 082-784-9362). Daar is steeds ‘n behoefte aan **komberse vir haweloses** – dit kan by Pick&Pay Preller gelaat word en gaan na Tweetoringkerk. Sien die los bladsy oor die Vrouekomitee se **poppie-breiprojek** vir getraumatiseerde kinders.

4) Vir jou eredienskollekte of dankoffer: NGK Berg-en-Dal, ABSA Tjekrek. 470-580-011

Berg-en-Dal Poppie-breiprojek vir getraumatiseerde kinders:

Soos in die vorige twee jaar, gaan ons weer vanjaar ‘n hand van liefde en deernis uitstaak na getraumatiseerde kinders in ons samelewing en juis nou ook, aan hulle ‘n bietjie warmte en omgee bied – ons nooi jou uit om weer saam te kom brei. Teen September of Oktober besorg ons dit dan aan instansies of individue wat sulke kinders ondersteun en begelei... Hieronder is die patroon en volledige besonderhede; as jy twyfel of meer inligting benodig, kontak vir Germarie Adendorff by 079 0384 038. Baie baie dankie byvoorbaat!

Brei ’n poppie: patroon

Gebruik deurgaans dieselfde 3,4, of dubbelbreidraad (in verskillende kleure) en wasbare stopsel.

Stel 32 steke op.

Brei 6 rye koussteek vir skoene

Brei 14 rye koussteek vir broek

Brei 12 rye koussteek vir trui

Brei 8 rye koussteek vir gesig

Vir die hoedjie

Brei 11 rye en trek bo in, OF vorm punthoedjie soos volg:

Ry 1: R2 R2tes R4 R2tes R12 R2tes R4 R2tes R2 (28 steke)

Ry 2 en elke alternatiewe ry aweregs

Ry 3: (R4 R2tes) 4 keer R4 (24 steke)

Ry 5: R2 (R2tes R4) 3 keer R2tes R2 (20 steke)

Ry 7: R3 (R2tes R2) 3 keer R2tes R3 (16 steke)

Ry 9: R1 (R2tes R2) 3 keer R2tes R1 (12 steke)

Ry 11: R2 (R2tes) 4 keer R2 (8 steke)

Ry 13: (R2 tes) 4 keer (4 steke)

Knip draad af. Ryg deur 4 steke, trek styf en heg goed af.



1. Werk 2 ogies en ‘n mondjie op die middel van die gesigstrook.
2. Ryg ‘n draad tussen gesig en trui.
3. Vou dubbel- regterkante op mekaar en werk agterste naat toe. Keer om.
4. Trek “nekdraad” nouer nadat kop en hoed opgestop is. Stop res en werk onder toe.
5. Wissel voorkoms met hare, ‘n tossel, serp, kruisbande, knopies, ens. nadat arms en bene met stywe steke gevorm is (sien diagram).

Die poppie is ongeveer 15 cm lank.

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig.